Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 23/04 2021

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Bedankings</u>:**
   - Graag spreek ek my dank uit teenoor al die admin-personeel, onderwysers, grondepersoneel, ouers en leerders vir hul harde werk en opoffering gedurende die kwartaal, veral op akademiese gebied. Die handhawing van die COVID-regulasies het die kwartaal behoorlik ontwrig. Ons is net dankbaar dat nie een van ons leerders of personeel siek geword het nie.

     Die personeel wens vir u en u gesin 'n baie aangename Aprilvakansie toe. Ons weet dit is kort, maar indien dit vir u moontlik is, gebruik elke oomblik daarvan om saam met u kind tyd deur te bring en te ontspan.

2. **<u>Mev. Dalene Bohnen groet McLachlan</u>:**
   Baie dankie aan die gemeenskap van die Langkloof vir julle ondersteuning en liefde tydens my verblyf en onderwysloopbaan by Hoërskool McLachlan. My beste wense en voorspoed aan die personeel, ouers en leerders van die skool. Mag Hoërskool McLachlan 'n baken van hoop wat daagliks van krag tot krag gaan vir die toekoms wees.

   Vriendelike groete
   Dalene Bohnen

3. **<u>Personeelaangeleenthede</u>:**
   Mev. Dalene Bohnen verlaat HS McLachlan na 25 jaar diens. Mev. Bohnen het diep spore by McLachlan getrap – ons gaan haar mis, maar ons gun haar die welverdiende aftrede.

   Baie welkom aan juf. Lieshe du Preez wat in mev. Bohnen se plek aangestel is. Ons glo sy gaan baie gelukkig by McLachlan wees.

4. **<u>Reëlings vanaf kwartaal 2</u>:**
   Dit is vir my aangenaam om u te verwittig dat die skoolbestuurspan in samewerking met die skoolbeheerliggaam na deeglike beplanning en oorweging besluit het, dat ALLE leerders van gr. 1 tot 12, gedurende kwartaal 2, ELKE dag sal kan skool toe kom. Skooltafels gaan aangekoop word vir sommige lokale, sodat leerders almal individueel by 'n tafel kan sit en om 'n sosiale afstand van 1 meter links en regs tussen die leerders te handhaaf. Ten einde die logistieke reëlings te finaliseer is op die volgende besluit:
   - **<u>Gr. 1- tot 9-leerders</u>**: Vanaf **Maandag, 3 Mei, tot Vrydag, 14 Mei**, kom hierdie leerders nogsteeds **elke 2de dag** in hul onderskeie A- en B-groepe skool toe.

herotel IGEN

- **Gr. 10- tot 12-leerders:** **ALLE** leerders kom vanaf Maandag, 3 Mei, ELKE DAG skool toe.
- **Vanaf Maandag, 17 Mei**, kom **ALLE leerders** van **graad 1 tot 12 ELKE DAG** skool toe.
- Die 10 dag-rooster word vanaf Maandag, 3 Mei, vir graad 4 tot 12 gevolg.
- Registerklasse:
  Graad 4: juf. Elaine
  Graad 5: juf. Riana
  Graad 6: juf. Lieshe
  Graad 7: juf. Anneke
  Graad 8: juf. Marie
  Graad 9: juf. Lanie
  Graad 10: Saal (juf. Janine)
  Graad 11: juf. Janine se klas (Mnr. Johan)
  Graad 12: juf. Marietjie
- Sport:
  - Gr, 1- tot 7-leerders het geen sport vanaf Maandag, 3 Mei, tot Vrydag, 14 Mei nie. Gr. 4- tot 7-leerders se sportperiodes word vir hierdie tyd as akademiese periodes gebruik.
  - Gr. 1- tot 7-leerders se sport begin op Dinsdag, 18 Mei, gedurende sportperiodes.
  - 0/14- tot 0/19-sportoefening begin op Dinsdag, 4 Mei, na skool vanaf 14:30 tot 15:30. **Ekstra akademiese klasse kry egter voorkeur.**

Prosedure voor skool:
Die skool se hekke word elke oggend om **07:30** oopgesluit en word weer om **07:50** gesluit.
Leerders wat na 07:50 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.
Ingang/Uitgang van onderskeie grade:
Let wel: Skandering vind soggens van 07:30 – 07:50 plaas.

Graad	Hek (ingang) 07:30 – 07:50	Hek (uitgang)	Skandering	Skoolure
1 en 2	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Klein hekkie (12:40)	07:30 - 07:50	Maandag – Vrydag 07:30 – 12:40
3, 7, 8, 11, 12	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Bushek (P.J.Retiefstr.)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:30 – 14:15 Vrydag: 07:30 – 12:40
4, 5, 6, 9, 10	**Klein hekkie** (De Waalstraat)	Klein hekkie (De Waalstraat)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:30 – 14:15 Vrydag: 07:30 – 12:40

LET WEL: Die skuifhek sal NIE meer as in- of uitgang gebruik word nie.

Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:

- Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
- Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
- Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
- Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

5. **Laerskoolbestuurskomitee:**
Safwaan Fortuin is vanaf die tweede kwartaal deel van die laerskoolbestuurskomitee. Met sy gedissiplineerdheid en vriendelike optrede teenoor sy mede-leerders sal hy beslis 'n aanwins vir HS McLachlan se bestuurskomitee wees. Baie geluk Safwaan.

6. **Individuele foto's:**
Die individuele foto's word op Vrydag, 7 Mei, (gr. 1- tot 9-groep A en gr. 10- tot 12-leerders) en Woensdag, 12 Mei,(gr. 1- tot 9-groep B) geneem. Hierdie jaar word ALLE leerders van gr. 1 tot 12 individueel afgeneem.

herotel IGEN

Die fotograaf stuur dan later in die kwartaal ‘n bestelvorm met ‘n voorbeeldfoto van u kind(ers). U kry dan die geleentheid om te besluit of u foto’s wil bestel, al dan nie. U hoef nie vooraf ‘n bestelling te plaas nie. Kyk dat u kind(ers) netjies lyk vir die individuele foto’s op **VRYDAG, 7 Mei en WOENSDAG, 12 Mei.**

7. **Ekstra klasse:**
   Ekstra klasse vir gr. 8- tot 12-leerders vind volgende kwartaal op Dinsdae, Woensdae en Donderdae vanaf 14:30 tot 15:30 plaas. ‘n Rooster sal op Maandag, 3 Mei, aan die leerders gegee word. Busvervoer is vir die leerders beskikbaar wees. [Dinsdae en Donderdae met Baily-bus en Woensdae met die Quantum]. Geen klasse sal egter op Woensdag, 5 Mei, kan plaasvind nie.

8. **Kwartaalprogram:**
   Alle jongste/enigste leerders het ‘n harde kopie van die kwartaalprogram ontvang. Maak seker dat u dit by u kind kry. Enige veranderinge sal in die weeklikse nuusbrief deurgegee word.

9. **Rapporte – kwartaal 1**:
   Die departement is nog besig met die toetsing van die SASAMS-program. Rapporte sal dus eers in die tweede kwartaal uitgegee kan word. Rapporte sal op die volgende dae aan die volgende grade uitgegee word: Maandag, 10 Mei: Groep B gr. 1-9 en graad 10-12
   Dinsdag, 11 Mei: Groep A gr. 1-9

10. **Wintersdrag:**
    Wintersdrag is vanaf 3 Mei verpligtend.

Seuns: Graad 1 – 3

- Wit langmou-/kortmouhemp
- Grys langbroek
- Swart belt (opsioneel)
- Grys skoolsokkies met skoolstrepe
- Swart skoolskoene met veters ordentlik geknoop

OF

- Wit langmou-/kortmouhemp
- Skoolsweetpak
- Grys skoolsokkies met skoolstrepe
- Swart skoolskoene met veters ordentlik geknoop

Seuns: Graad 4 – 12

- Wit langmou-/kortmouhemp met daskraag en skooldas
- Skoolsweetpak baadjie
- Langmoutrui
- Kortmoutrui moet **onder** die langmoutrui gedra word
- Grys langbroek met swart belt
- Grys skoolsokkies met skoolstrepe
- Swart skoolskoene met veters ordentlik geknoop

Dogters: Graad 1 – 3

- Wit langmou of kortmouhemp
- Maroen rok en grys skoolsokkies met skoolstrepe/swart sykouse
- Grys langbroek en grys skoolsokkies met skoolstrepe
- Swart skoolskoene

OF

- Wit langmou of kortmouhemp
- Skoolsweetpak
- Grys skoolsokkies met skoolstrepe
- Swart skoolskoene

herotel IGEN

Dogters: Graad 4 – 12

- Wit langmou of kortmouhemp met daskraag en skooldas
- Maroen rok en grys skoolsokkies met skoolstrepe/swart sykouse
- Grys langbroek en grys skoolsokkies met strepe
- Swart skoolskoene

11. **Bustye:**

	Grootbus:	Quantum:	Dept. bus:
Misgund	06:50		06:50
Louterwater	07:05		07:05
Krakeel		06:45	07:20

Leerders wat van departementele vervoer gebruik maak en nie sport of ekstra klasse bywoon nie, sal op Dinsdae en Donderdae om 14:15 met die McLachlanbus vervoer word. Die McLachlanbus-leerders wat aan sport en ekstra klasse gaan deelneem word om 15:30 op Dinsdae en Donderdae met die departementele bus vervoer.

12. **Departementele bus:**
Ons wag nog vir terugvoering vanaf die Dept. van Vervoer en Dept. van Onderwys of die nuwe aansoeke vir departementele vervoer vanaf 1 April 2021 goedgekeur is. Sodra ons enige inligting ontvang het sal ons die leerders in kennis stel.

13. **Karoo to Coast – fietswedren: 26 September 2021:**
Hierdie is weer 'n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 2731335 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

14. **Sport:**
- Afrigters:
Netbal:

SPAN:	AFRIGTER:	BAAN:
0/14	juf. Elaine Strydom	Vierkant by skool
0/15	juf. Leishe du Preez	Bane by sportveld
0/16	juf. Debbie de Jager	Bane by sportveld
0/17	mev. Simoné van der Mescht	George McLachlansaal
0/19	mev. Simoné van der Mescht	George McLachlansaal

Rugby:

SPAN:	AFRIGTER:	VELD:
0/14 & 0/15	mnr. André Kritzinger	Sportveld
0/16	mnr. Willie Boshoff	Sportveld
0/19	mnr. Daniël Terblanche / mnr. Alwyn Boshoff	Sportveld

S. Pienaar

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan